




LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 27
31 Augustus 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers



Kleurvolle Karakter 2018 **Burgerskap**



Burgerskap is ons pilaar vir die res van die kwartaal. Omdat ons elkeen deel het aan die samelewing waarin ons woon is die pilaar van karakter vir ons grootmense en kinders ewe belangrik om te beoefen.

Ons bedank Mevrou Sarie Whitlock van die Beskermede Werkplek weereens vir die mooi manier waarop sy met die leerders gesels het oor die belangrike werk wat hulle verrig in ons gemeenskap. Ons moedig almal ook aan om hulle te ondersteun in die wye verskeidenheid van produkte wat hulle lewer. So kan ons elkeen as burgers ons bydrae lewer.

Daar is pragtige pers burgerskap sleutelhouers te koop teen R5 by Mevrou van Heerden. Ons moedig die leerders aan om al 6 die sleutelhouers te koop. Ons gaan aan die einde van die jaar kyk wie al 6 versamel het en dalk verras ons hulle met iets spesiaals!

Waarvoor staan die pilaar van burgerskap?

'n Goeie burger:

1. Werk saam.
2. Bly ingelig en stem.
3. Handhaaf goeie buurmanskap.
4. Is wetsgehoorsaam.
5. Respekteer sy/haar omgewing.
6. Spaar water en elektrisiteit.



Kom ons bou saam aan 'n samelewing waarin elkeen van ons wil bly!

MEEGEOVOEL

Ons innige meegevoel gaan aan die Van Veijeren familie (Pieter) met die afsterwe van 'n geliefde ouma. Mag hulle as gesin die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie moeilike tyd beleef.

EPOS

Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal derugegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

KAARTLOSE BETALING

'n Betaling van R2000.00 is op 25 Mei 2018 in die skool se Insamelingsrekening sonder 'n verwysing gemaak. Kontak die kantoor asseblief so spoedig moontlik sodat ons dit na die regte rekening kan allokeer.

KAROO EISTEDDFOD

Baie geluk aan die volgende leerders wat na afloop van die Karoo Eisteddfod die konsert wenerslys gehaal het in hulle onderskeie kategorieë. Hulle is vereer met sertifikate by die prysuitdeling in De Aar op 29 Augustus 2018.

Naam:	Graad:	Toekenning:
Monique Nell	2	Uitnemendheid in spraak en drama
Conrad Kleyn	2	Uitnemendheid in visuele kuns
Riley Knoesen	2	Uitnemendheid in visuele kuns
Mikha Enslin	4	Uitnemendheid in visuele kuns
Kian Keyser	4	Uitnemendheid in spraak en drama
Luca Visser	6	Uitnemendheid in visuele kuns
Xander Keyser	6	Uitnemendheid in spraak en drama
Bianca Naudé	7	Uitnemendheid in visuele kuns

Mevrou van Heerden ontvang ook die algehele toekenning vir die onderwyser van uitnemendheid vir die mees veelsydigste leerlinge opgelei in kuns. Volksskool leerders het ook die beste prestasie gelewer uit die 3300 inskrywings ontvang vir die Eisteddfod in 2018. Ons is baie trots op elkeen van hierdie leerders wat so hard gewerk het!

WOW-SPELFEEES

Sterkte aan die leerlinge wat Saterdag aan die Provinsiale Kompetisie in PE gaan deelneem. Ons glo dit sal goed gaan.

YSIES TE KOOP

Lente is hier! Die OOV verkoop pakke YSIES. Bestellings en betalings kan vanaf Maandag, 3 September by Brenda geplaas word en ysies sal dan Vrydag, 6 September afgehaal kan word. Baie dankie!

20 Sap-ysies @ R25

30 Roomys-ysies @ R100

SPORT

TENNIS

Dankie aan die eerste spanne wat aan die Cradock Spar Toernooi deelgeneem het. Die spanne het baie goeie tennis gespeel. Ons is trots op julle. Sterkte aan die sestien o.10 spelers wat Vrydag en Saterdag aan die o.10 Matchpoint Toernooi gaan deelneem.

HOKKIE

Die o.8 span het die afgelope naweek aan die Burgersdorp Sportdag vir Hokkie en Rugby deelgeneem wat bestaan het uit 5 omliggende skole. Daar speel elke span drie wedstryde. Ons ry al die Vrydagmiddag na skool en slaap oor in die koshuis wat die dogters vas oortuig maak dat hulle op 'n toer is. Na afloop van die Sportdag word die span as die beste o.8 span vir die toernooi aangewys. Ons ontvang 'n wisseltrofee en elke dogter 'n medalje. Mia Botha is ook aangewys as die veelsydigste o.8 voorspeler. Dit was beslis 'n baie suksesvolle seisoen en ons punte kan getuig daarvan met 52 vir ons en net 10 vir ons teenstanders. Die dogters het gesorg vir goeie gees en sportmanskap op en van die veld tydens elke wedstryd. Baie geluk aan elke speler.

Die uitslae van die naweek was as volg:

LVS o.8 Cradock 5 - 1
 LVS o.8 Burgersdorp 4 - 0
 LVS o.8 Aliwal Noord 2 - 0

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Vergeet van die wêreld se bose geskinder,
moenie dat stories en venyn jou hinder.
God is die Regter, Hy hoor goed én kwaad,
jy kan alles maar net in sy hande laat.

Spreuke 20:19

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hooflvs@webmail.co.za
Tel: 049-8910803